

# DIE HART VAN DIE MENS

## Deel 2

### Opvang

Ons gaan voort met die reeks oor die hart van die mens, en hierdie is Deel 2 van daardie Bybelstudie. Ek wil graag vinnig kyk na dit waaroor ons verlede week gepraat het en net kortliks 'n paar van die Skrifte herhaal. Ons het begin by Matthéüs 15:8, waar Jesus sê,

*Matt 15:8 "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle harte is ver van My af."*

Waar is jou hart? Hy praat daar van 'n skynheilige godsdiens waar dit lyk asof alles goed is, maar in die hart is dinge nie goed nie. Ons het ook gekyk na Matthéüs 12 waar Jesus praat van die skat van die hart.

*Matt 12:35 "Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn."*

Met ander woorde, ons praat uit ons hart uit. Jakobus praat daarvan dat dit wat ons sê soos die roer van 'n skip is, dit gee jou lewe rigting. Dit wat uit jou mond uitkom is baie belangrik, en dit wat uit jou mond kom, kom uit jou hart. Wat dus in die hart aangaan, is wie ons is; dit is wie ons word. Dit is die rigting wat ons lewe gaan inslaan.

Ons het ook na Jeremia 17 gekyk, waar die profeet sê,

*Jer 17:1 "Die sonde van Juda is geskrywe met 'n ystergriffel, met 'n diamantpunt; dit is gegrif op die tafel van hulle hart en op die horings van julle altare ..."*

Met ander woorde, die sondes wat ons gedoen het, die verskriklike dinge wat ons gedoen het of wat ander aan ons gedoen het, is op die hart gegraveer. Ons verlede is op die hart uitgekrap. En ons het die vraag gevra: Is dit moontlik om daardie graving van ons vreeslike verlede skoon te vee? Is dit moontlik?

*Jer 17:9 "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?"*

*17:10 "Ek, YHWH, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handeling."*

Ons het die vraag gevra: Van wie se bedrieglike hart praat hy hier? Vriende, dit is jou hart en myne. Dit is nie die mense daar buite nie; ja, dit sluit hulle in, maar jou hart en my hart is bedrieglik en ons het 'n neiging om bedrieglik te wees. En die woord bedrieglik beteken om 'n masker te dra; ons wys nie die waarheid nie. Ons het 'n skynheilige beeld wat ons voorgee wie ons is, maar wat ons nie is nie. Ons het verder gekyk na hoe ons by die plek kom waar ons hart bedrieglik word.

*Obad 1:3 "Die vermetelheid van jou hart het jou bedrieg ..."*

Vermetelheid (hoogmoed) bedrieg. Ek het Deel 1 afgesluit met die verhaal van die verlore seun. Hy is uit sy pa se huis weg; hy het vir sy pa gesê, "*Gee vir my my*

*geld, ek wil gaan.*" Van daardie oomblik af het sy lewe verder en verder agteruit gegaan todat hy in die varkhok beland het. En daar in die varkhok – ek noem dit die *kosbare varkhok* – is waar hy tot sy sinne kom. Daar in die varkhok sê hy, *"Ek gaan terug na my vader toe, en ek gaan vir Hom sê, 'Vader, ek het gesondig.'"* Dis *my* fout. Vergewe *my*. Dis nie al die mense daar buite nie, dit is *ek* wat gesondig het.

Vriende, hierdie is *die begin* van die hart se *herstelproses*. Dit is waar ek met myself, met God en met ander mense *eerlik is*, om te erken waar my hart regtig staan. Dit is *ek wat moet verander*. Dit is *ek wat in bekering terug moet kom* na my Hemelse Vader toe.

### **'n Ander verlore seun - David**

Ons begin hierdie week by hierdie punt van eerlikheid en ons bestudeer Psalm 51. Ons bestudeer 'n ander verlore seun – koning Dawid. God het hom ryklik geseën en hom opgerig dat hy uiteindelik koning van die volk van Israel geword het. Maar toe het hy egbreuk gepleeg met Bátseba en haar man laat vermoor. Die profeet Natan kom na Dawid en hy vertel hom 'n verhaal. Hy vertel van 'n ryk man wat baie skape gehad het, en daar was 'n arm man wat net een oilam gehad het. Daardie arm familie was baie lief vir hul oilammetjie; die kinders het daarmee gespeel, dit het in hul huis gebly, in hul bed geslaap.

Die ryk man kry toe 'n besoeker en wou nie een van sy skape vir die feesmaal slag nie. Hy gaan slag toe die arm man se oilammetjie. Dawid word woedend kwaad en hy sê, *"Daardie man behoort te sterf."* Natan kyk hom in die

oë en hy sê, "*Jy is die man.*" Dawid besef dat hy gesondig het en is in berou voor die Here. Hy huil voor die Here en sê, "*Ja, Here, dit is ek.*" Hy stry nie daarmee nie, hy weet hy is skuldig. Hy sê, "*Dis ek wat skuldig is.*" Psalm 51 is daarvoor geskryf. Ek wil 'n paar verse daaruit lees.

**Psalm 51:8**     "*Kyk, U het 'n welgevalle aan **waarheid in die binneste** (U soek eerlikheid), en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend.*"

God wil hê dat ek *eerlik* moet wees. Skynheiligheid is nie eerlikheid nie. *Om 'n masker te dra, is nie eerlikheid nie.* God soek eerlikheid – waar ek en jy eerlik voor Hom is en vir Hom kan sê, "*Here, hierdie is wie ek is – Ek het gesondig.*" Vir die verlore seun was daardie die begin van sy herstelproses. Die herstelproses het baie vinnig plaasgevind toe hy na sy vader teruggegaan het. Sy vader het hom van ver gesien kom, gehardloop, *hom omhels* (al stink hy van die sweet en van die varkhok); sy ring afgehaal en dit aan sy seun se vinger gesteek en gesê, "*Jy is my seun.*" Hy trek vir hom *nuwe klere en skoene* aan. Hy bring hom huistoe, roep sy dienskneg en sê, "*Daardie vetgemaakte kalf moet jy slag. Ons gaan vanaand partytjie hou, my seun is terug.*"

Vriend, *daardie kalf was lankal vetgemaak.* Die vader het vir sy seun gewag. Die Vader wag vir jou om met eerlikheid na Hom terug te kom; nie om verskonings te maak oor hoekom ek so is nie – want my pa het dit aan my gedoen en my oom het dit aan my gedoen; die mense om my het die volgende gedoen – geen verskonings nie, vriende. Ons kom in eerlikheid terug na God. God het 'n welgevalle aan *waarheid in die binneste.* Wanneer ons daardie proses deur eerlikheid begin, is die herstelproses baie vinnig.

Dawid skryf later,

*Psalm 51:12 "Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees."*

Dit is iets wat ek nie self kan doen nie. Here, skep U vir my 'n rein hart, ek vra U. Draai my hart om; gee vir my 'n rein hart.

*51:18 "Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie."*

*51:19 "Die offers van God is in 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!"*

Daardie hart wat die verlore seun daar in die varkhok gehad het, het gebreek. Hy huil voor God. *"Here, ek het verkeerd gedoen. Ek moet teruggaan na my vader toe."* God kyk dus nie na die offerhandes, die godsdienste nie; as jy genoeg keer op 'n Sondag kerk toe gaan, is jy 'OK'. Nee, vriende, dit gaan nie oor hoeveel keer ek kerk toe gaan nie; dit gaan nie oor hoe netjies ek aantrek nie; dit gaan ook nie oor hoe 'n skynheilige beeld ek vir almal om my voorhou nie. *Dit gaan oor die hart.* Waar is jou hart? Hoe lyk jou hart voor die Here?

## **God se Bruid**

Daar is 'n baie interessante gedeelte in Eségiël 16 waar Eségiël van die bruid praat – die bruid van God, Israel. Dit is 'n interessante hoofstuk. Dit begin waar God vir Israel geroep het toe sy nog niks was nie.

Eség 16:6 *"En Ek het by jou verbygegaan en jou sien spartel in jou bloed; toe het Ek vir jou gesê in jou bloed: Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef!"*

God spreek haar aan en Hy sê, *"Leef!"*

16:7 *"Ontelbaar, soos die uitspruitsels van die veld, het Ek jou gemaak! En jy het gegroei en grootgeword en die hoogste bloei bereik; jou borste het styf geword, en jou hare het gegroei, maar jy was naak en bloot."*

Hy praat van hierdie meisiekind wat nou groot word, sy word volwasse.

16:8 *"En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here YHWH, en jy het myne geword."*

Hy verwys hier na die verbond by Sinai toe God in die verbond getree het met die volk van Israel en hulle Sy volk, Sy bruid geword het. 'n Mens sien in die volgende paar verse hoe God hulle geweldig geseën het; ons sien hoe hulle 'n nasie geword het en hoe die hele wêreld boodskappers gestuur het om te kyk hoe hierdie nasie lyk, want hulle was so geweldig mooi.

16:14 *"Daarby het daar 'n naam van jou af uitgegaan onder die nasies vanweë jou skoonheid, want dit was volmaak deur my versiersels wat Ek op jou aangebring het, spreek die Here YHWH."*

Jy het 'n naam gehad. Jy was pragtig gewees. Vriende, dan lees ons vers 15, "Maar ..." Al het jy 'n naam gehad, al was jy so mooi, "maar ..." wat het jy gedoen?

**Maar ...**

16:15 *"Maar jy het vertrou op jou skoonheid en gehoereer (daar is hoogmoed) vanweë jou naam; en jy het jou hoerery uitgestort op elkeen wat verbygegaan het, dat dit syne sou wees."*

As mens van daar af deur die lang hoofstuk lees, lees mens die verskriklikste woorde waaraan jy kan dink. Hierdie pragtige bruid van God word 'n algemene prostituut. Kan jy dit glo? Die val het begin toe sy hoogmoedig geword het. Die Skrif sê "*hoogmoed kom voor 'n val.*" Sy word 'n algemene prostituut. Dit is verskriklik wat 'n mens daar lees. Ek wil dit nie eers hier aanhaal nie, want dit is net gruwelike dade wat hulle gedoen het. Hulle het egbreuk gepleeg. Die Skrif sê hulle was erger as 'n prostituut, want 'n prostituut kry geld vir haar verdienste.

Eség 16:33 *"Hulle gee geskenke aan al die hoere, maar jy het jou geskenke aan al jou minnars gegee en hulle gifte aangebied om van all kante na jou te kom in jou hoerery."*

Hulle het dus ander gode gaan dien. God was hul Bruidegom, hul God. Maar hulle het ander gode, ander minnaars geneem. Dit is 'n lang en verskriklike hoofstuk. Ná 'n lang bespreking oor die verskriklike dinge wat hulle gedoen het, lees jy hierdie wonderlike woorde:

## Ewenwel ... 'n Nuwe verbond

Eség 16:60      *"Ewenwel (die Engels sou sê, 'But God') sal Ek dink aan my verbond met jou in die dae van jou jeug, en Ek sal met jou 'n ewige (nuwe) verbond oprig."*

Daar begin Hy praat van 'n nuwe verbond. Ons weet van die Nuwe Testament se nuwe verbond. *"Ek sal 'n nuwe verbond met jou maak."* Kan jy glo dat 'n man wie se jong, pragtige vroujie 'n prostituut gaan word het, oor en oor egbreuk gepleeg het en die verskriklikste dinge gedoen het, haar weer terug sal neem, en weer 'n verbond met haar sal sluit?

Vriende, dit is wat God vir ons, vir Sy volk gedoen het. Ons lees verder van dié nuwe verbond in hoofstuk 36.

Eség 36:26      *"En Ek sal julle 'n **nuwe hart** gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee.*

36:27      *"En Ek sal my Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen."*

Die hart van klip gaan Hy uithaal. Dit is daardie arrogante hart. Hy wil die hart van klip uithaal en vir jou 'n nuwe hart gee, 'n sagte hart wat vir Hom lief is en Sy gebooie sal onderhou.



## “Virgin” skoon

Kom ons kyk na Jeremia wat ook na hierdie nuwe verbond verwys. Jeremia 31 tot 33 praat van die nuwe verbond, en dit word ook in die Nuwe Testament in Hebreërs hoofstuk 8 en 9 aangehaal. Ek wil net een vers uit Jeremia 31 lees. Onthou ons het die vraag gevra: Is dit moontlik om daardie graving in die stukkende hart skoon te vee? Is dit moontlik? Hierdie vers gee ons 'n aanduiding. God praat hier en Hy sê vir Israel,

*Jer 31:4 "Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o jonkvrou (hierdie vrou wat stukkend gebreek is deur die verskriklike dinge wat sy gedoen het) van Israel!"*

Die Engelse vertaling sê, *"Oh virgin of Israel." Virgin?* Hierdie prostituut? God maak haar weer 'n maagd? Vriende, hoe skoon was die bloed van Jesus nie! Net die bloed van Jesus wat daar op Golgota vir jou en vir my uitgestort is, kan daardie graving op die hart weer 'n maagd maak, weer skoonmaak, weer mooi maak. En Hy bied dit vir jou en vir my. *"Ek sal jou weer bou en jy sal gebou word, o jonkvrou van Israel!"*

## So wit soos sneeu

Geen wonder Jesaja sê,

*Jes 1:18 "Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit so rooi soos purper, dit sal word soos wol."*

Die bloed van Jesus maak ons so skoon.

## Hy verbind die wonde

Kom ons kyk na Psalm 147. Ek wil daardie vraag beantwoord: Is dit moontlik om daardie gerawering uit te vee, heel te maak?

*Psalm 147:3 "Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy **verbind hulle wonde.**"*

Gebroke van hart - daar is die kern, die voorwaarde - *gebrokeheid van hart*, 'n hart wat gewillig is om eerlik te wees. *"U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste."*

Om eerlik te wees en te sê, *"Here, vergewe my, ek was verkeerd, ek het verkeerd gedoen. Vergewe my."*

*Psalm 147:3 "Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy **verbind hulle wonde.**"*

Is dit nie mooi nie! Wil jy nie hê dat Hy jou wonde moet verbind nie? Daardie dinge wat jou in die nag laat wakker lê. Dinge wat jy weet jy verkeerd gedoen het; jy het dit gedoen, dit is daar in jou verlede. Dit het jou stukkend gemaak. Hy *verbind jou wonde* en maak jou weer heel.

## Die apostel Petrus

Ek wil met 'n verhaal uit die Bybel afsluit. Dit is die verhaal van die apostel Petrus. Ons weet dat Jesus vir Petrus van die viswaters geroep het. Hy was maar net 'n gewone visserman. Jesus roep hom en sê, *"Volg My."* Petrus het *alles gelos en Hom gevolg*. Hy het Jesus vir drie en 'n half jaar gevolg en uiteindelik sit Jesus en die dissipels aan die nagmaal tafel vir die laaste aandmaal

voordat Jesus die volgende dag gekruisig sou word. Nadat Jesus hulle met nagmaal bedien het, sê Hy in die algemeen vir hulle, "*Vanaand gaan julle My almal verloën.*" Daardie was moeilike woorde vir hulle om aan te hoor, want hulle was so lief vir Jesus. Nou sê Hy dat hulle Hom gaan verlaat?

Petrus sê vir Jesus, "*Nee, Here, nie ek nie. Ons gaan U nie verloën nie.*" Jesus sê vir Petrus, "*Petrus, voordat die haan môre oggend gekraai het, sal jy My drie maal verloën.*" Petrus sê vir Hom, "*Nee, Here, ek sal U nooit verloën nie. Miskien hierdie ander, maar nie ek nie.*" Wat is dit? *Dit is hoogmoed.* En *hoogmoed kom voor 'n val.* Hy sê, "*Ek is gewillig om tronk toe te gaan, en selfs na die dood toe te gaan vir U, ek is so lief vir U.*" Hy verklaar dus sy liefde aan Jesus as 'n "*agape*" liefde. "*Agape*" liefde is die hoogste vorm van liefde wat mens kry; dat jy gewillig is om vir jou vriend te sterf. Jesus laat dit daar. Hy sê niks meer nie.

Soos julle weet, het Jesus daardie nag vir Petrus, Jakobus en Johannes opsy geroep na die tuin van Getsemane om saam met Hom te bid, maar ná 'n ruk het hulle almal aan die slaap geraak. Waar Petrus gesê het hy sou tronk toe en selfs tot die dood toe vir Jesus gaan, kon hy nie eers 'n uur saam met Jesus bid nie.

## **In die binnehof**

Toe die soldate uiteindelik kom, hardloop al die dissipels weg. Jesus word gearresteer en na Kaiafas se huis geneem om daar veroordeel te word. Petrus volg hulle op 'n veilige afstand, en op 'n manier vind hy sy weg in Kájafas se huis in. Hy gaan sit om die vuur by die manne

en maak sy hande warm. Die gesprek om die vuur is maar 'n growwe gesprek. Petrus is binne hoor en sien afstand van alles wat met Jesus gebeur. Hy sien hoe hulle hom slaan en sy baard uitpluk en op hom spuug en hom verskriklike dinge aandoen. Petrus sit en kyk wat aangaan.

### **'n Slavin**

Ná 'n rukkie kom daar 'n slavin aan, 'n jong meisie, die laagste rang van die samelewing. Jy hoef nie deur haar intimideer te wees nie, sy is maar net 'n slavin. Die slavin sien vir Petrus en sê vir hom, "*Maar jy was mos een van Jesus se dissipels.*" Petrus ontken dit. Hy ken hierdie Man van geen kant af nie. "*Ek het Hom nog nooit gesien nie. Ek weet nie wie Hy is nie.*" Hy jaag die kind weg. Kort daarna kom daar nog 'n slavin, weereens nie iemand om voor bang te wees nie. Die meisie sien vir Petrus. "*Jy was een van Jesus se dissipels, ek het jou saam met Jesus gesien.*"

"*Nooit nie,*" sê Petrus, "*Waarvan praat jy, kind?*" Hy vloek en skel haar uit dat sy moet weggaan en jaag haar daar weg. Jy moet verstaan, daardie hoogmoed, daardie gevloek en skel *kom uit sy hart uit*. Jesus wil vir Petrus in die koninkryk gebruik om groot dinge te doen, maar Hy kan hom nie gebruik *totdat daardie dinge uit sy hart is nie*. En daardie dinge kom eers in die *varkhok* uit. *Petrus is nou in die varkhok*.

### **'n Jong slaaf**

Die slavin is daar weg. Nie lank daarna nie, kom daar 'n slaaf, weer iemand vir wie jy glad nie bang hoef te wees

nie. En hy hoor die growwe taal van die manne se gesprek om die vuur. Hy sê vir Petrus, "*Jy was ook een van die dissipels. Jou taal verklap jou. Jy is 'n Galilieër.*" Petrus skrik groot, hy vloek en skel hierdie jong man uit en jaag hom weg. Hy sê, "*Ek ken hierdie Man van geen kant af nie; ek weet nie wie Hy is nie.*" Terwyl hy nog met die jong man praat, *kraai die haan*, en Petrus onthou skielik Jesus se woorde, "*Voordat die haan môre oggend gekraai het, sal jy My drie maal verloën.*"

*"Wat het ek gedoen!?"*

Die Skrif sê *Jesus draai om en Hy kyk vir Petrus*. Ek wonder *wat was in daardie kyk*. Was dit 'n kwaai kyk wat sê, "*Ek het mos vir jou gese jy gaan My verloën*"? Nee, vriende, ek dink dit was 'n blik van liefde. Maar dit is 'n kyk wat jou *deurboor*; 'n kyk wat alles sien wat hier binne my hart aangaan. Daar is *geen masker* wat jy kan dra wat daardie kyk nie kan deurdring nie. Dit is 'n kyk wat regdeur jou gaan. Vriende, Jesus kyk met daardie selfde blik van liefde na jou, maar Hy weet alles. *Alles*. Alles in jou verlede ken Hy. Elke detail daarvan. En nogtans kyk Hy met liefde na jou, net soos Hy na Petrus gekyk het.

### **Dit breek vir Petrus**

Dit breek vir Petrus. Ek praat hier van die *gebrokenheid van die hart*. Dit breek vir Petrus; hy hardloop na buite en die Bybel sê hy *ween bitterlik*. Hy kan dit nie regstel nie; hy kan dit nie terugtrek nie. Hy het dit gedoen.

Die res van daardie dag se gebeure vind plaas; Jesus word voor Pilatus geneem, Hy word veroordeel. Hy word verskriklik gezesel; 'n doringkroon word op Sy kop gesit

en die dorings ingeslaan. Die Bybel sê Hy was so gemartel dat 'n mens Hom nie kon herken as 'n mens nie, so bebloed was Hy. Hulle neem Hom uiteindelik na die kruis toe en slaan die staal spykers deur Sy hande en Hy word aan die kruis in verskriklike pyn opgehang en uiteindelik sterf Hy 'n wrede, pynlike dood. Met Sy sterfte, roep Hy uit, *"Dit is volbring,"* en Hy blaas Sy laaste asem uit.

Petrus sien dit alles raak en hy weet dat Hy Jesus verloën het. Waar Jesus hom nodig gehad het, het Hy Hom verloën. Vriende, dit breek vir Hom. Ek wonder hoe het Petrus daardie nag geslaap, en die volgende nag en die nag daarna.

Op die derde dag kom 'n vrou vroeg die môre na die dissipels aangehardloop en sy sê, *"Jesus leef! Jesus leef! Die graf is leeg, Hy het opgestaan!"*

Wie hardloop eerste na die graf toe? *Petrus*. Hy wil gaan sien want hy moet met Jesus regmaak; hy moet om verskoning vra. Hy is verleë oor wat hy gedoen het. Hy kan nie glo dat hy so 'n simpel ding gedoen het nie.

Hy sien natuurlik die graf is leeg. Daardie aand verskyn Jesus aangesig tot aangesig aan hulle, maar Petrus kan niks vir Hom sê nie. Hy weet dat Jesus weet dat hy Hom verloën het. Jesus sê, *"Julle moet Galiléa toe gaan, Ek sal julle daar ontmoet."* Hy het 'n *afspraak met Petrus*. Vriende, miskien het Jesus 'n afspraak met jou.

### **'n Afspraak met Petrus**

Hulle gaan na Galiléa toe, en daar sê Petrus vir die dissipels, *"Ek gaan visvang."* Hy is 'n leier. Almal gaan

saam met hom; hulle keer terug na die *ou weë*, terug na dit waaruit Jesus hulle geroep het. Daardie nag vang hulle niks. Die volgende oggend vroeg toe dit nog skemer is en hulle mekaar byna nie kan herken nie, staan Jesus op die strand. Hy roep na hulle daar op die boot en sê, *"My kinders, het julle iets gevang?"* Hulle antwoord, *"Nee, niks."* Hy roep terug, *"Gooi die net aan die regterkant in."* Hulle gooi die net uit aan die regterkant. En kyk al die visse!

Johannes sê vir Petrus, *"Dis die Here."* Wat doen Petrus? *Hy spring in die water*, hy is kaal. Hoekom sou hy in die water spring? Vriende, as jy uitgevang word, as jy weet jy is verkeerd, dan wil jy net *wegkruip*. Dit is daardie *masker* wat aangesit word. Jy wil *wegkruip*. Ons kruip soms in die kerk weg. Ons kruip agter ons goeie werke weg. Maar *God weet hoe jou hart lyk*; jy kan nie van Hom wegkruip nie.

Petrus spring in die water. Stadig bring die dissipels die visse na die strand toe en dan kom hulle almal daar voor Jesus staan. Jesus sit rustig 'n paar vissies op die kole en braai. Hy sê in die algemeen vir hulle, *"Gaan bring 'n bietjie van die vis wat julle gevang het."* Wie gaan? *Petrus*. Hy is verleë! Hy is nou aangesig tot aangesig met Jesus. Hy weet nie waar om sy gesig te draai nie. Hy weet dat Jesus weet dat hy hom verloën het. *"Ek sal gaan!"*

En dan vertel die Bybel ons die eienaardigste ding.

*Joh 21:11"Simon Petrus het in die skuif geklim en die net op die land getrek, vol groot visse, honderd-drie-en-vyftig in getal ..."*

## Agapé liefde

Hoe weet ons hoeveel visse daar was? Petrus het hulle getel. "*Een ... twee ... drie ... vier ... vyf ...*" tel hy hulle. Jesus gee hom tyd. Hy weet dat Petrus verleë is en vir tyd speel, maar hy moet ook darem uiteindelik klaar tel. Ná 'n ruk keer Petrus terug met 'n paar visse. Nou sit hy voor Jesus en daar is 'n doodse stilte. Niemand praat nie. Elkeen is besig met sy eie gedagtes. Ná 'n ruk kyk Jesus vir Petrus in die oë en Hy vra vir hom,

*Joh 21:15a      "... Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?"*

Die woord wat Hy gebruik vir '*lief*' is '*agape*'. Daardie tipe liefde wat gewillig is om tot die dood toe te gaan. Petrus het moes 'n paar dae tevore vir Jesus gesê dat hy is gewillig om tot die dood toe te gaan vir Hom. Nou vra Jesus vir hom, "*Regtig, Petrus, agape? Het jy My so lief?*"

## Petrus is eerlike

Vriende, vir die eerste keer is Petrus absoluut eerlik. Hy kan nie meer agter 'n masker skuil nie. Hy sê,

*Joh 21:15b      "... Ja, Here, U weet dat ek U liefhet."*

Maar Petrus gebruik die woord '*phileo*', wat 'n laer vorm van liefde is. "*Ek hou van U.*" Jy kan net sowel sê, "*Ek hou van grondboontjiebotter.*" Dis daardie vlak van liefde. Petrus weet hy durf nie '*agape*' sê nie, want hy weet dat Jesus weet dat hy Hom verloën het. Hy kan dit nie sê nie; *hy is eerlik*. Vriende, *eerlikheid is die begin van die herstelproses*, soos dit in die verlore seun se geval was. "*Ek hou van U, Here.*"



Jesus sê vir hom,

*Joh 21:15c      "... Laat my lammers wei."*

Dit is interessant, want Jesus gee vir hom verantwoordelikheid vir die gemeente van Christus. Al het hy Hom verloën, gee Hy hom nogtans daardie verantwoordelikheid om Sy skape te gaan voer.

Weer is daar 'n doodse stilte. Almal is besig met hul eie gedagtes. Petrus kan byna nie glo wat hy hier hoor nie. Ná 'n rukkie breek Jesus weer die stilte en Hy kyk Petrus in die oë,

*21:16      "Hy vra hom weer die tweede maal: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief (agape)? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet (phileo – eerlik, ek hou van U). Hy sê vir hom: Pas my skape op."*

Weer die verantwoordelikheid. En weer is daar vir 'n ruk lank 'n doodse stilte. Jesus sê later 'n derde maal:

*21:17      "... Simon, seun van Jona, het jy My lief?"*

### **Jesus kom af na ons vlak toe**

Die interessantheid is dit: hierdie keer gebruik Jesus dieselfde woord vir liefde wat Petrus gebruik het, '*phileo*'. Hy kom af na Petrus se vlak toe, want Hy sien Petrus kan nie na Hom toe opkom nie. Dit is tipies Jesus; Hy kom af na ons vlak toe. Waar jy dit nie kan doen nie, waar jy nie 'n nuwe hart vir jouself kan maak nie, kom Jesus af na jou vlak toe. Hy sterf vir jou. Hy gee Sy lewe vir jou. Hy kom af na my vlak, na ons vlak. '*Phileo*' – *hou jy van My?*

Dit breek Petrus dat Hy dit die derde keer vra, veral omdat Hy *'phileo'* gebruik. En hy sê vir Hom,

*21:17b "... Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet."*

Hy sê met ander woorde, *"U kyk deurboor my. U liefde deurboor my. Daar is niks weggesteek nie. U ken my verlede; U weet van al die dinge wat ek gedoen het, en tog is U nog lief vir my. Dit gaan my verstand te bowe. Maar ek dank U daarvoor."*

Jesus kom af na ons vlak wanneer Hy as 'n Mens op aarde kom leef en kom sterf. Op die kruis van Golgota kom Hy af na ons vlak toe. Waar ons nie in al ons goeie dae en ons eie godsdienste na Hom toe kan opgaan nie, kom Hy af na ons toe. Hy deurboor ons met Sy liefde, met Sy kyk van liefde. Dan sê Hy vir Petrus iets baie interessant:

*Joh 21:18 "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou (tipies jong man, arrogant, moenie vir my sê wat ek moet doen nie; ek weet wat ek doen en ek gaan my eie ding doen); maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en 'n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie.*

*21:19 "Dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige **dood hy God sou verheerlik**; en toe Hy dit gespreek het, sê Hy vir hom: Volg My."*

Hy sê met ander woorde vir Petrus, *"Petrus, jy gaan My nog 'agape'. Jy gaan nog tot die dood toe vir My, maar*

*nie in jou eie krag nie. Ek sal jou by die hand neem en oplik waar jy nie in jou eie krag kan gaan nie."*

## **Eerlikheid in die binneste**

Vriende, Jesus bied dieselfde vir jou en vir my. Ons kan onself nie red deur ons eie goeie daade en godsdienstigheid nie – ons het Jesus nodig. Ons het 'n *eerlikheid in ons binneste nodig*, waar ons erken, "*Here, ek kan dit nie op my eie doen nie. Ek kan myself nie uit hierdie gemors uitlig nie. Ek vra U, skep in my 'n rein hart, 'n nuwe hart. Neem my by die hand en lei my waar ek nie kan gaan nie. Ek is gebroke in my hart teenoor U. Ek vra om verskoning vir my sondes. Vader, skep vir my 'n rein hart, vergewe my sondes. Help my om heeltemal herstel te word.*"

Mag die Here jou help om *eerlik* teenoor Jesus in jou hart te wees en te *kom net soos wat jy is*, want dit is hoe Hy jou soek. Hy is die een wat jou sal oplik.

Mag die Here jou ryklik seën.

*Henry D Jackson*